



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

GOVERNMENT GAZETTE

FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Gereistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

R0,80 Prys • Price
R0,08 Plus 10% BTW • VAT
R0,88 Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,10** Other countries
Posvry • Post free

Vol. 321

KAAPSTAD, 20 MAART 1992
CAPE TOWN, 20 MARCH 1992

No. 13867

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 907.

20 Maart 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 39 van 1992: Wysigingswet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1992.

No. 907.

20 March 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 39 of 1992: Education Affairs Amendment Act (House of Assembly), 1992.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988, ten einde 'n uitdrukking te heromskryf; voorsiening te maak vir die instelling van 'n enkele bestuursraad vir meer as een openbare skool; die verklaring van sekere openbare skole tot staatsondersteunde skole verder te reël; voorsiening te maak vir die instelling van 'n staatsondersteunde skool; die oordrag van onroerende eiendom aan staatsondersteunde skole verder te reël; voorsiening te maak dat 'n persoon wat in sy diens geskors is, met die toestemming van die Minister diens in 'n ander betrekking kan aanvaar gedurende die tydperk van skorsing; die oorpasing van personeel van 'n openbare skool na 'n staatsondersteunde skool verder te reël; en voorsiening te maak vir die uitvaardiging van regulasies betreffende die ontvangs en gebruik van geld of ander goed deur sentrums en onderwys hulpdienste; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 16 Maart 1992.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 70 van 1988, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 88 van 1991

1. Artikel 1 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), 1988 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van "staatsondersteunde skool" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'staatsondersteunde skool' 'n onderwysinrigting wat kragtens artikel 29(1) tot 'n staatsondersteunde skool vir buitengewone onderwys verklaar is of kragtens artikel 29(4) geag word aldus verklaar te wees, **[asook]** 'n openbare skool wat kragtens artikel 29(2A) tot 'n staatsondersteunde skool verklaar is en 'n staatsondersteunde skool wat kragtens artikel 29(2B) ingestel is;"

Wysiging van artikel 15 van Wet 70 van 1988

2. Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) vir 'n openbare skool, uitgesonderd 'n nywerheidsskool en 'n verbeteringskool, 'n bestuursraad instel, maar kan, in plaas daarvan om vir elkeen van twee of meer sodanige openbare skole 'n bestuursraad in te stel, een bestuursraad vir sodanige skole instel;"

EDUCATION AFFAIRS AMENDMENT ACT
(HOUSE OF ASSEMBLY), 1992

Act No. 39, 1992

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- _____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.
-
-

ACT

To amend the Education Affairs Act (House of Assembly), 1988, so as to redefine an expression; to provide for the establishment of a single management council for more than one public school; to further regulate the declaration of certain public schools as state-aided schools; to provide for the establishment of a state-aided school; to further regulate the transfer of immovable property to state-aided schools; to provide that a person who is suspended from his service, may, with the permission of the Minister, assume duty in another position during the period of suspension; to further regulate the transfer of staff from a public school to a state-aided school; and to provide for the promulgation of regulations as to the receipt and use of funds or other goods by centres and educational auxiliary services; and to provide for matters connected therewith.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 16 March 1992.)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 70 of 1988, as amended by section 1 of Act 88 of 1991

- 5 1. Section 1 of the Education Affairs Act (House of Assembly), 1988 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "state-aided school" of the following definition:
- 10 "state-aided school" means an education institution declared to be a state-aided school for specialized education under section 29(1) or deemed to be so declared under section 29(4), **[as well as]** a public school declared to be a state-aided school under section 29(2A) and a state-aided school established under section 29(2B);".

Amendment of section 15 of Act 70 of 1988

- 15 2. Section 15 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:
- "(a) establish a management council for a public school, excluding an industrial school and a reform school, but may instead of establishing a management council for each of two or more such public schools, establish one management council for such schools;".

Wysiging van artikel 29 van Wet 70 van 1988, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 88 van 1991**3. Artikel 29 van die Hoofwet word hierby gewysig—**

(a) deur subartikel (2A) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2A) Die Minister kan, [nadat ’n bestuursraad van ’n openbare skool (uitgesonderd ’n preprimêre skool, ’n skool vir buitengewone onderwys, ’n nywerheidsskool en ’n verbeteringsskool),] op die voorwaardes wat hy bepaal, [’n meningspeiling onder die ouers van die leerlinge van daardie openbare skool gehou het, met inagneming van die faktore deur die Minister bepaal,] by kennisgewing in die *Staatskoerant* [die betrokke] ’n openbare skool (uitgesonderd ’n nywerheidsskool en ’n verbeteringsskool) tot ’n staatsondersteunde skool verklaar met ingang van ’n datum in die kennisgewing vermeld.”; en

(b) deur na subartikel (2A) die volgende subartikel in te voeg:

“(2B) Die Minister kan op enige plek ’n staatsondersteunde skool instel.”.

Wysiging van artikel 31A van Wet 70 van 1988, soos ingevoeg deur artikel 7 van Wet 88 van 1991**4. Artikel 31A van die Hoofwet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:**

“Met dien verstande dat, behalwe in die geval van onroerende goed wat ingevolge artikel 30(2) met die goedkeuring van die Minister verkoop of op ’n ander wyse vervreem is, die eiendomsreg van sodanige goed aan die Staat terugval sonder dat die Staat vergoeding daarvoor betaal, indien die goed na die oordeel van die Minister nie in die belang van onderwys aangewend word nie;”.

Wysiging van artikel 72 van Wet 70 van 1988**5. Artikel 72 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:**

“(c) terwyl hy kragtens artikel 95 in sy diens geskors is, bedank of sonder die toestemming van die Minister diens in ’n ander betrekking aanvaar; of”.

Wysiging van artikel 97A van Wet 70 van 1988, soos ingevoeg deur artikel 18 van Wet 88 van 1991**6. Artikel 97A van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:**

“(1) ’n Persoon wat onmiddellik voor die datum in artikel 29(2A) beoog by die betrokke openbare skool in diens was, word [met sy instemming] vanaf daardie datum oorgeplaas na en aangestel in die diens van die betrokke staatsondersteunde skool.”.

Wysiging van artikel 112 van Wet 70 van 1988, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 88 van 1991**7. Artikel 112 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subparagraaf (ii) van paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:**

“(ii) die ontvangs en gebruik van geld of ander goed deur koshuise, [en] openbare skole, sentrums en onderwys hulpdienste, en die boeke, aantekeninge en state wat deur die liggeme of persone in die regulasies vermeld, in verband daarmee gehou moet word; en”.

Kort titel**8. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Onderwysaangeleentheid (Volksraad), 1992.**

EDUCATION AFFAIRS AMENDMENT ACT
(HOUSE OF ASSEMBLY), 1992

Act No. 39, 1992

Amendment of section 29 of Act 70 of 1988, as amended by section 6 of Act 88 of 1991

3. Section 29 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (2A) of the following subsection:

“(2A) The Minister may, **[after a management council of a public school (excluding a pre-primary school, a school for specialized education, an industrial school and a reform school) has,]** on such conditions as **[the Minister]** he may determine, **[conducted an opinion poll among the parents of the pupils of that public school, with due consideration of the factors determined by the Minister,]** by notice in the *Gazette* declare **[the]** a public school (excluding an industrial school and a reform school) **[concerned]** to be a state-aided school with effect from a date mentioned in the notice.”;

and

(b) by the insertion after subsection (2A) of the following subsection:

“(2B) The Minister may establish a state-aided school at any place.”.

Amendment of section 31A of Act 70 of 1988, as inserted by section 7 of Act 88 of 1991

4. Section 31A of the principal Act is hereby amended by the substitution for the proviso to paragraph (a) of subsection (1) of the following proviso:

“Provided that, except in the case of immovable property sold or otherwise alienated with the approval of the Minister in terms of section 30(2), the ownership of such property shall without payment of compensation by the State revert to the State if the property in the opinion of the Minister is not being utilized in the interest of education;”.

Amendment of section 72 of Act 70 of 1988

5. Section 72 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of subsection (1) of the following paragraph:

“(c) while suspended from his service under section 95, resigns or without the permission of the Minister assumes duty in another position; or”.

Amendment of section 97A of Act 70 of 1988, as inserted by section 18 of Act 88 of 1991

6. Section 97A of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) A person who immediately prior to the date contemplated in section 29(2A) was employed at the public school concerned, shall **[with his consent]** be transferred to and appointed in the service of the state-aided school concerned with effect from that date.”.

Amendment of section 112 of Act 70 of 1988, as amended by section 21 of Act 88 of 1991

7. Section 112 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subparagraph (ii) of paragraph (c) of subsection (1) of the following subparagraph:

“(ii) the receipt and use of funds or other goods by hostels, **[and]** public schools, centres and educational auxiliary services, and the books, records and statements to be kept in connection therewith by the bodies or persons mentioned in the regulations; and”.

Short title

8. This Act shall be called the Education Affairs Amendment Act (House of Assembly), 1992.

